# Hoofstuk van die dag: Ester 3

> *Mordegai het egter nie gekniel en aan hom eer bewys nie. (vers 2)*

Om te verstaan wat tussen Mordegai en Haman gebeur, moet ’n mens terugblaai in die geskiedenis. Haman was ’n Agagiet (vers 1). Hy was dus ’n nakomeling van die Amalekitiese koning Agag. Die Amalekiete was sedert die uittog aartsvyande van Israel

(Eks 17:8-16 en Deut 25:17-19). Dit was heel moontlik die rede hoekom Mordegai geweier het om voor Haman die Agagiet te buig. Daarmee saam was Mordegai ’n nasaat van Kis, koning Saul se pa. Saul moes die Amalekiete gaan uitroei en in die proses is koning Agag gedood (1 Sam 15). Hier was dus al die elemente om ’n uiters plofbare situasie te skep.

Natuurlik kan ons nie Haman se wraaklus goedpraat nie. Hy was doodeenvoudig boos. Koning Ahasveros was eweneens uiters onverantwoordelik om hom ’n blanko tjek te gee vir sy moordplan.

Maar Mordegai is ook nie skoon te spreek nie. Sy kinderagtige optrede het so byna-byna tot die einde van die Joodse volk gelei. Pleks hy hom deur die Woord laat lei het. Spreuke 20:22 sê: “Moenie sê: Ek wil my wreek oor die kwaad wat my aangedoen is nie; vertrou op die Here, en Hy sal jou help.” Kyk ook na Rom 12:19!

© Bybelkoerant 2018 – 2026